DSA

# DIE SUID-AFRIKAAN

No 53 MEI/JUNIE 1995

## Rasse-spanning in die Wes-Kaapse ANC

## Genl Johan Van Der Merwe:
**"beskerm dié wat die stelsel bevorder het"**

## Mannetjies Roux:
**'n swart Karoo laaitie ontmoet die legende**



## Nadine Gordimer:
**eksklusiewe uittreksel**

## *Loslyf*:
**Afrikaanse *Hustler***

## Buppies:
**black upcoming professionals with their new chains**

9 771011 754008

TOORN VAN DIE TAAL

# Taalmonument: fallus of volkskat?

Na die omstrede Agenda-program oor die Taalmonument en die histeriese reaksie daarop, kyk *DSA* na 'n paar ander menings in die debat wat ouer as die monument self is.

"**Die Taalmonument** is 'n gegewe, soos Afrikaans, en as dit 'n versamelpunt kan word van alle Afrikaanspratendes, kan dit nuwe lewe kry vir alle Suid-Afrikaners."

– TON VOSLOO, Uitvoerende Voorsitter: Nasionale Pers.

"**Die Afrikaanse**-taalmonument is 'n groot stuk nwata (gemors in Kaaps). Dit is die vergestalting van die boere (sisteem van wit-onderdrukking) se arrogansie. Die monument is die vergestalting van hoe bruin en swart Suid-Afrikaners gestroop was van hul kultuur-erfenis. Afrikaans kan net uit die puinhoop van die taalmonument as 'n ware Suid-Afrikaanse taal gebou word."

– EUGENE PARAMOER, joernalis en ook voormalige redakteur van die gemeenskapskoerant *Saamstaan*.

"**Die fokop** het hie' begin: lank, lank gelede toe witmense besluit het Afrikaans is hulle taal. En dis waaraan die Taalmonument 'n mens die heeltyd remind. Oor die Agenda program net dit: Omstrede moet asb uit ons woordeskat geskrap word want elke keer as iemand eerlik is oor hoe hy/sy voel oor 'n saak, is dit kamstig "omstrede". En oor die taaldebat: Hoekom kan Afrikaans-praat nie vir almal so doodgewoon soos asemhaal wees nie."

– HEINDRICH WYNGAARD, joernalis by *Die Burger* in Kaapstad.

"**Afrikaanse** skrywers het voorheen gedink dis geweldig oorspronklik om na die "falliese simboliek" van die monument te verwys. Op die Agenda-program oor die die monument is daar egter gesê die hoofsuil is 'n "penis", en daarmee is die waarheid uiteindelik uit. Wat die rotslandskap dus kortkom is 'n Afrikaanse Vrouemonument van ou tannies met kappies, hul blik hemelwaarts gerig."

– MC BOTHA: Skrywer

"**Die Taalmonument** was vir my altyd 'n ding waaraan 'n mens verbyry op pad Kaap toe. Ek het nog nooit daarna gaan kyk nie, want dit laat my onverskillig: 'n taal is nie iets wat jy gaan besigtig nie. Dit skend die omgewing nie meer as byvoorbeeld die Unisa-gebou of die Voortrekkermonument nie. Mense sonder 'n spesifieke belang by Afrikaans het my al vertel dat die monument vir hulle mooi is.
Ek stem nie saam met Sandile Dikeni dat die monument geweldige mag uitdruk nie. Miskien voel dit so as jy op die Paarlberg staan. Monumente word ook gebou om die vrees te besweer dat jy iets mag verloor, om iets in beton te bestendig wat jy teen die verloop van die geskiedenis nie kan beskerm nie. Elke gebaar en elke gesigsuitdrukking van John Vorster by die inhuldiging het daarvan gespreek. Afrikaans is vir sy gebruikers nie minder of meer as gevolg van daardie uitbeelding van hubris op die berg nie. Diegene vir wie dit 'n doring in die vlees is, sou die inisiatief kon neem om met behulp van byvoorbeeld 'n opvoedkundige uitstalling by die monument 'n vollediger verhaal oor Afrikaans te vertel. Sorg net asseblief dat dit nie weer 'n neerbuigende gebaar teenoor Afrikaanssprekendes word nie."

– GERRIT OLIVIER: Professor in Afrikaans, Universiteit van Witwatersrand.

"'**n Taalmonument** in die Paarl? Nee kyk, vir hierdie Afrikaan bestaan daar nog nie so iets nie. As daar 'n monument in die Paarl moet wees, dan stel ek Victor Verster (gevangenis) voor."

– MVULA YOYO : Professor in Afrikaans-Nederlands, Universiteit Fort Hare.

"**Die Taalmonument** is opgerig in die suksesjare van Apartheid. Dit was 'n viering en 'n manifestering van Afrikaner-nasionalisme deur 'n groep Natte wat vermetel genoeg was om te wil voorgee dat hulle namens alle Afrikaanssprekendes kan praat. Vir my bly dit dus essensieel 'n Apartheidsmonument - 'n herinnering aan hoe die taalkwessie in die verlede uitgebuit is om die ideologie van 'n spesifieke belangegroep te bevorder."

– WILHELM LIEBENBERG: Skrywer en verbonde aan Departement Afrikaans, Universiteit van Witwatersrand

"**Toe ek 10 jaar** oud was het ek deelgeneem aan die viering van die Taalmonument. Vandag kyk ek met 'n sekere afgryse na my deelname. Die enigste manier waarop 'n mens tot in 'n mate 'n sekere waardigheid aan jou eie geskiedkundige betrokkenheid sal kan gee is indien ander aspekte van Afrikaanse kultuur geskiedenis prominent deel word van die Afrikaanse Taalmonument. So moet die protesaksies van '76 ook vergestalt word in die narratief van die monument. Sonder die opposisionele stemme bly dit 'n monument tot die wit intellektuele ghetto."

– MARK C. BEHR: Skrywer en verbonde aan Departement Engels, Vista Universiteit.

"**En die Taalmonument?** Die ding is inderdaad 'n oogskending, 'n aanslag op die natuur en 'n belediging vir alle nie-wit Afrikaners. Dis pateties dat die ding ooit opgerig is - so 'n kruisiging tussen 'n laat-Fascistiese Stonehenge en 'n ondergrondse parkeergarage. Al wat mens nou nog aan die graniet-peester kan doen, is om 'n swart karos, so groot en so ruim soos ons roubeklag, oor die kop te trek."

– BREYTEN BREYTENBACH: skrywer en digter (Uittreksel aangehaal uit "Kantlyn", *Die Burger*, 8 April 1995)

"**Ek het geen** simpatie vir die Taalmonument of die taal nie. God help my om so gou as moonltik Engels in my niere te kry, want ek is klaar met Afrikaans gatvol en dik vir die donnerse mentaliteit wat hy saam met hom sleep. Beteken hierdie nuwe versoening ons moet nou vergeet van die verlede? Veertig jaar na die Holocaust sien ons nog 'n Schindler's List, maar ons maak nou al asof die afgelope veertig jaar nie gebeur het nie? As dit dan ons Afrikaans is, gee vir Arnoldus Pannevis die Hertzog-prys.

– JEANNE GOOSEN: Skrywer.

"**Uit verset is** Afrikaans gebore en daarom ook gehaat. Die Taalmonument sou in historiese konteks gesien kan word as 'n simbool van oorwinning oor teenstand, maar vir die man wat sien en hoor wat om hom aangaan kan dit ook 'n gans ander simbool wees: van die taal van die oorheerser, die wetmaker, die verbieder; die taal van die angsvallige bewaker van die oue en hater van die nuwe; van die verstokte wêreldvreemde, van die enkelvoudige wit-swartdenker."

– AMPIE COETZEE: Professor in Afrikaans Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland (uittreksel uit die *Deurbraak*, 1975).

"**Dit gorrel** oor die volksmoesie op 'n koppie by Pretoria en die voorgestelde phalli by die Paarl..."

– WILMA STOCKENSTRöM (uittreksel uit "Politikus" soos verskyn in *Deurbraak*, 1975)

"**Daar is 'n** onmiskenbare falliese element in die groepe suile op Pêrelberg. Maar klip is helaas so onvrugbaar. Of is juis dit simbolies van die wyse waarop onse Fees gevier word. Terwyl ver eenkant, in kamers afgesonder oor die land, die ongenooides ("oor daar nie aparte toiletgeriewe vir skrywers by die Monument ingerig is nie", het iemand gesê), die wat nie bruilofsklere gekry het nie, stilweg voortwoeker om die taal wat die oumanne met klippe huldig (kulturele versteentheid, of steniging?) aan die lewe te hou - vir oor nog honderd jaar... Op Pêrelberg staan die fallusse maar. Hulle sê dit gebeur ook by 'n man wat opgehang word."

– ANDRE BRINK (uittreksel uit *Deurbraak*, 1975)

# Taalmonument: fallus of volkskat?

Na die omstrede Agenda-program oor die Taalmonument en die histeriese reaksie daarop, kyk *DSA* na 'n paar ander menings in die debat wat ouer as die monument self is.

**"Die Taalmonument** is 'n gegewe, soos Afrikaans, en as dit 'n versamelpunt kan word van alle Afrikaanspratendes, kan dit nuwe lewe kry vir alle Suid-Afrikaners."

– TON VOSLOO, Uitvoerende Voorsitter: Nasionale Pers.

**"Die Afrikaanse-taalmonument** is 'n groot stuk nwata (gemors in Kaaps). Dit is die vergestalting van die boere (sisteem van wit-onderdrukking) se arrogansie. Die monument is die vergestalting van hoe bruin en swart Suid-Afrikaners gestroop was van hul kultuur-erfenis. Afrikaans kan net uit die puinhoop van die taalmonument as 'n ware Suid-Afrikaanse taal gebou word."

– EUGENE PARAMOER, joernalis en ook voormalige redakteur van die gemeenskapskoerant *Saamstaan*.

**"Die fokop** het hie' begin: lank, lank gelede toe witmense besluit het Afrikaans is hulle taal. En dis waaraan die Taalmonument 'n mens die heeltyd remind. Oor die Agenda program net dit: Omstrede moet asb uit ons woordeskat geskrap word want elke keer as iemand eerlik is oor hoe hy/sy voel oor 'n saak, is dit kamstig "omstrede". En oor die taaldebat: Hoekom kan Afrikaans-praat nie vir almal so doodgewoon soos asemhaal wees nie."

– HEINDRICH WYNGAARD, joernalis by *Die Burger* in Kaapstad.

**"Afrikaanse** skrywers het voorheen gedink dis geweldig oorspronklik om na die "falliese simboliek" van die monument te verwys. Op die Agenda-program oor die die monument is daar egter gesê die hoofsuil is 'n "penis", en daarmee is die waarheid uiteindelik uit. Wat die rotslandskap dus kortkom is 'n Afrikaanse Vrouemonument van ou tannies met kappies, hul blik hemelwaarts gerig."

– MC BOTHA: Skrywer

**"Die Taalmonument** was vir my altyd 'n ding waaraan 'n mens verbyry op pad Kaap toe. Ek het nog nooit daarna gaan kyk nie, want dit laat my onverskillig: 'n taal is nie iets wat jy gaan besigtig nie. Dit skend die omgewing nie meer as byvoorbeeld die Unisa-gebou of die Voortrekkermonument nie. Mense sonder 'n spesifieke belang by Afrikaans het my al vertel dat die monument vir hulle mooi is.

Ek stem nie saam met Sandile Dikeni dat die monument geweldige mag uitdruk nie. Miskien voel dit so as jy op die Paarlberg staan. Monumente word ook gebou om die vrees te besweer dat jy iets mag verloor, om iets in beton te bestendig wat jy teen die verloop van die geskiedenis nie kan beskerm nie. Elke gebaar en elke gesigsuitdrukking van John Vorster by die inhuldiging het daarvan gespreek. Afrikaans is vir sy gebruikers nie minder of meer as gevolg van daardie uitbeelding van hubris op die berg nie. Diegene vir wie dit 'n doring in die vlees is, sou die inisiatief kon neem om met behulp van byvoorbeeld 'n opvoedkundige uitstalling by die monument 'n vollediger verhaal oor Afrikaans te vertel. Sorg net asseblief dat dit nie weer 'n neerbuigende gebaar teenoor Afrikaanssprekendes word nie."

– GERRIT OLIVIER: Professor in Afrikaans, Universiteit van Witwatersrand.

**"'n Taalmonument** in die Paarl? Nee kyk, vir hierdie Afrikaan bestaan daar nog nie so iets nie. As daar 'n monument in die Paarl moet wees, dan stel ek Victor Verster (gevangenis) voor."

– MVULA YOYO : Professor in Afrikaans-Nederlands, Universiteit Fort Hare.

**"Die Taalmonument** is opgerig in die suksesjare van Apartheid. Dit was 'n viering en 'n manifestering van Afrikaner-nasionalisme deur 'n groep Natte wat vermetel genoeg was om te wil voorgee dat hulle namens alle Afrikaanssprekendes kan praat. Vir my bly dit dus essensieel 'n Apartheidsmonument - 'n herinnering aan hoe die taalkwessie in die verlede uitgebuit is om die ideologie van 'n spesifieke belangegroep te bevorder."

– WILHELM LIEBENBERG: Skrywer en verbonde aan Departement Afrikaans, Universiteit van Witwatersrand

**"Toe ek 10 jaar** oud was het ek deelgeneem aan die viering van die Taalmonument. Vandag kyk ek met 'n sekere afgryse na my deelname. Die enigste manier waarop 'n mens tot in 'n mate 'n sekere waardigheid aan jou eie geskiedkundige betrokkenheid sal kan gee is indien ander aspekte van Afrikaanse kultuur geskiedenis prominent deel word van die Afrikaanse Taalmonument. So moet die protesaksies van '76 ook vergestalt word in die narratief van die monument. Sonder die opposisionele stemme bly dit 'n monument tot die wit intellektuele ghetto."

– MARK C. BEHR: Skrywer en verbonde aan Departement Engels, Vista Universiteit.

**"En die Taalmonument?** Die ding is inderdaad 'n oogskending, 'n aanslag op die natuur en 'n belediging vir alle nie-wit Afrikaners. Dis pateties dat die ding ooit opgerig is - so 'n kruisiging tussen 'n laat-Fascistiese Stonehenge en 'n ondergrondse parkeergarage. Al wat mens nou nog aan die graniet-peester kan doen, is om 'n swart karos, so groot en so ruim soos ons roubeklag, oor die kop te trek."

– BREYTEN BREYTENBACH: skrywer en digter (Uittreksel aangehaal uit "Kantlyn", *Die Burger*, 8 April 1995)

**"Ek het geen** simpatie vir die Taalmonument of die taal nie, God help my om so gou as moonltik Engels in my niere te kry, want ek is klaar met Afrikaans gatvol en dik vir die donnerse mentaliteit wat hy saam met hom sleep. Beteken hierdie nuwe versoening ons moet nou vergeet van die verlede? Veertig jaar na die Holocaust sien ons nog 'n Schindler's List, maar ons maak nou al asof die afgelope veertig jaar nie gebeur het nie? As dit dan ons Afrikaans is, gee vir Arnoldus Pannevis die Hertzog-prys.

– JEANNE GOOSEN: Skrywer.

**"Uit verset is** Afrikaans gebore en daarom ook gehaat. Die Taalmonument sou in historiese konteks gesien kan word as 'n simbool van oorwinning oor teenstand, maar vir die man wat sien en hoor wat om hom aangaan kan dit ook 'n gans ander simbool wees: van die taal van die oorheerser, die wetmaker, die verbieder; die taal van die angsvallige bewaker van die oue en hater van die nuwe; van die verstokte wêreldvreemde, van die enkelvoudige wit-swartdenker."

– AMPIE COETZEE: Professor in Afrikaans Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland (uittreksel uit die *Deurbraak*, 1975).

**"Dit gorrel** oor die volksmoesie op 'n koppie by Pretoria en die voorgestelde phalli by die Paarl..."

– WILMA STOCKENSTRöM (uittreksel uit "Politikus" soos verskyn in *Deurbraak*, 1975)

**"Daar is 'n** onmiskenbare falliese element in die groepe suile op Pêrelberg. Maar klip is helaas so onvrugbaar. Of is juis dit simbolies van die wyse waarop onse Fees gevier word. Terwyl ver eenkant, in kamers afgesonder oor die land, die ongenooides ("oor daar nie aparte toiletgeriewe vir skrywers by die Monument ingerig is nie", het iemand gesê), die wat nie bruilofsklere gekry het nie, stilweg voortwoeker om die taal wat die oumanne met klippe huldig (kulturele versteentheid, of steniging?) aan die lewe te hou - vir oor nog honderd jaar... Op Pêrelberg staan die fallusse maar. Hulle sê dit gebeur ook by 'n man wat opgehang word."

– ANDRE BRINK (uittreksel uit *Deurbraak*, 1975)